

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM



TAAL BELEID

INHOUDSOPGAWE

1.	Inleiding	1
2.	Doel van hierdie beleid	1
3.	Woordomskrywing	1
3.1	Beheerliggaam	1
3.2	Gondwet	1
3.3	Skoolhoof	2
3.4	Regulasies	2
3.5	Skool	2
3.6	Taalbeleid	2
4.	Toepassing en omvang van die beleid	2
5.	Toepaslike wetgewing	2
6.	Toepaslike beleide en riglyn dokument	2
7.	Beleid oor onderrigtaal	2
8.	Onderrig en eksaminering	3
9.	Bevordering van veeltaligheid	3
10.	Tale as vakke	3
11.	Goedkeuring	3

TAALBELEID VAN DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

DATUM VAN AANVAARDING: 8 November 2016

Datum van volgende oorsig: 9 November 2017

1. INLEIDING

Hierdie dokument is die taalbeleid van Die Hoërskool Wonderboom wat op 8 November 2016 deur die skoolbeheerliggaam goedgekeur is. Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996); die Suid-Afrikaanse skolewet (Wet 84 van 1996); die Wet op Nasionale onderwysbeleid (wet 27 van 1996); die toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die “African Charter on the Rights and Welfare of Children”, die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

Faktore in ag geneem

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Die belange van die leerders
- Die belange van die skoolgemeenskap
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is
- Die vermoë van die skool
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- Internasionale beste praktyk met die betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig.

2. DOEL VAN HIERDIE BELEID

Hierdie beleid het ten doel om die faktore wat in ag geneem is, rakende die taal van onderrig van die skool, uiteen te sit. Dit het verder ten doel om objektief en sonder diskriminasie van enige aard te wees.

3. WOORDOMSKRYWING

In hierdie dokument, tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en beteken:

3.1 Beheerliggaam:

Die Beheerliggaam van die skool soos voorsien in artikel 16 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996);

3.2 Grondwet:

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);

3.3 Skoolhoof:

Die prinsipaal van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook 'n opvoeder by die skool wat met goedkeuring van die skoolhoof en die Beheerliggaam namens die skoolhoof handel;

3.4 Regulasies:

Die norme en standarde vir taalbeleid in openbare skole en die bepalings van "taal-in-onderwys" soos deur die Minister van Onderwys in die Staatskoerant afgekondig;

3.5 Skool:

Die Hoërskool Wonderboom

3.6 Taalbeleid:

Die taalbeleid in hierdie dokument vervat.

4. TOEPASSING EN OMVANG VAN DIE BELEID

Hierdie dokument en beleid daarin vervat sal hoegenaamd nie diskrimineer teen enige leerder op grond van taal of enige ander faktor nie. Enige leerder sal dus toegelaat word tot die skool. Die primêre doel van hierdie beleid is om die taal van onderrig aan voornemende leerders en hul ouers voor te hou as 'n faktor wat oorweeg moet word by aansoek tot toelating.

5. TOEPASLIKE WETGEWING

- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);
- die Suid-Afrikaanse skolewet (Wet 84 van 1996);
- die Wet op Nasionale onderwysbeleid (wet 27 van 1996);

6. TOEPASLIKE BELEIDE EN RIGLYN DOKUMENTE

- die toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys;
- regspraak van Suid-Afrikaanse howe;
- die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders;
- die "African Charter on the Rights and Welfare of Children";
- die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 19 Desember 1997);
- die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

7. BELEID OOR ONDERRIGTAAL

Die skool is 'n enkelmediuminstelling soos bedoel in artikel 29(2) van die Grondwet

Die taal van onderrig is AFRIKAANS van graad 8 tot graad 12 (soos na verwys in artikel 6(1) van die Grondwet.

Met dien verstande dat kommunikasie met buitelanders in enige ander taal kan

plaasvind soos deur die omstandighede vereis en wat redelikerwys doenlik is.

8. ONDERRIG EN EKSAMINERING

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die taal van onderrig.

9. BEVORDERING VAN VEELTALIGHEID

- Die skool bevorder veeltaligheid deur die aanbieding van Duits, Sepedi en Engels as volwaardige vakke.
- Tale wat as volwaardige vakke aangebied word is Afrikaans en Engels.
- Die aanbieding van die vakke in artikel 5.1 na verwys, geskied sover moontlik in die betrokke taal self.
- In die algemeen neem die Beheerliggaam en elke opvoeder by die skool redelike stappe om leerders in te lig oor die belangrikheid van veeltaligheid en om die aanleer van respek vir ander tale as die huistaal te bevorder.
- Die skoolhoof lewer jaarliks aan die Beheerliggaam verslag oor taalgebruik by die skool en tendense waarvan die Beheerliggaam kennis behoort te dra.

10. TALE AS VAKKE

Die beleid in die Regulasies oor tale as vakke (in art D) sal by die skool toegepas word.

11. GOEDKEURING

AANBEVEEL DEUR SKOOLHOOF: (naam en van)	MNR MARIUS LEZAR	HANDTEKENING:	
DATUM:			
GOEDGEKEUR DEUR BEHEERLIGGAAM-VOORSITTER: (naam en van)	MNR GM JANSEN VAN RENSBURG	HANDTEKENING:	
DATUM:			
GEKONTROLEER DEUR GDO: (naam en van)		HANDTEKENING:	
DATUM GEKONTROLEER:			
GESERTIFISEER DEUR: (naam en van)		HANDTEKENING:	
DATUM:			